kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Tema: "Belê in die toekoms?"

Skriflesing: Jeremia 32:1-15 (1953)

[1] DIE woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het in die
tiende jaar van Sedekía, die koning van Juda — hierdie jaar
was die agttiende jaar van Nebukadrésar.
[2] (Die leër van die koning van Babel het toe Jerusalem beleër,
en die profeet Jeremia was opgesluit in die voorhof van
bewaking wat in die huis van die koning van Juda is;
[3] waar Sedekía die koning van Juda, hom opgesluit het, met die
woorde: Waarom profeteer jy en sê: So spreek die HERE:
Kyk, Ek gee hierdie stad in die hand van die koning van Babel,
en hy sal dit inneem;
[4] en Sedekía, die koning van Juda, sal uit die hand van die
Chaldeërs nie ontvlug nie; maar hy sal sekerlik oorgegee word
in die hand van die koning van Babel, en hy sal mond tot mond
met hom spreek en oog in oog hom sien;
[5] en hy sal Sedekía na Babel bring, en daar sal hy wees totdat
Ek op hom ag gee, spreek die HERE Alhoewel julle teen die
Chaldeërs veg, sal julle tog geen voorspoed hê nie.)
[6] En Jeremia het gesê: Die woord van die HERE het tot my
gekom en gesê:
[7] Kyk, Hanámeël, die seun van Sallum, jou oom, kom na jou
toe met die woorde: Koop vir jou my stuk grond wat in Ánatot
lê, want jy het die reg van lossing om te koop.
[8] En Hanámeël, die seun van my oom, het na my gekom
volgens die woord van die HERE in die voorhof van bewaking
en vir my gesê: Koop tog my stuk grond wat in Ánatot in die
land Benjamin lê, want jy het die reg van besit en jy het die
lossing; koop dit vir jou. Toe het ek gemerk dat dit die woord
van die HERE was.
[9] Daarop het ek van Hanámeël, die seun van my oom, die stuk
grond gekoop wat in Ánatot lê, en vir hom die geld afgeweeg:
sewentien sikkels silwer.
[10] En ek het dit in die brief geskrywe en dit verseël en getuies
geneem en die geld afgeweeg op 'n weegskaal.
[11] Toe het ek die koopbrief geneem, die verseëlde een —
volgens voorskrif en wetlike bepalinge — en die oop een,
[12] en die koopbrief aan Barug, die seun van Nería, die seun van
Magséja, gegee voor die oë van Hanámeël, die seun van my
oom, en voor die oë van die getuies wat die koopbrief
onderteken het; voor die oë van al die Jode wat in die voorhof
van bewaking gesit het;
[13] en ek het aan Barug voor hulle oë bevel gegee en gesê:
[14] So spreek die HERE van die leërskare, die God van Israel:
Neem hierdie briewe, hierdie koopbrief, die verseëlde een
sowel as hierdie oop brief, en sit hulle in 'n erdepot, dat hulle
baie dae kan bly bestaan.
[15] Want so sê die HERE van die leërskare, die God van Israel:
Daar sal weer huise en gronde en wingerde in hierdie land
gekoop word.

Broodjies vir die Pad

A main concern of Martin Heidegger in *Being and Time* is "the possibility of *authentic existence*" (his emphasis). He catalogues all the ways we are consumed by what seems important in life and get caught up in conventional values. Such behavior is reinforced by the behavior of everyone else who is just as consumed. One of the ways this spell can be broken is when we realize that one day we will no longer exist and all that we thought was vital actually turns out to look very different all of a sudden. Heidegger writes that such an interruption to our accepted norms can cause an "ownmost possibility" for suddenly and clearly seeing life from a new angle. But this is not just a new insight it is also a new level of "understanding." He writes: 'It must be noted that understanding does not primarily mean just gazing at a meaning, but rather understanding oneself in that potential-for-Being which reveals itself in projection." (p 307)

This seems to be a concern of biblical narratives, too. Do not be misled by your current circumstances, which, given the vagaries of life, can change in an instant, but rather trust/"invest" in what will endure; God and God's passion for justice!

http://sacraconversazione.blogspot.com/2010/09/proper-21-year-c.html

◆◆◆

Sondagaand op Stellenbosch

Kerkstraat. Sondagaand.
Die Moederkerk kyk wakend straataf
na waar mense straatkafees binnestroom.
Die klokke beier 'n uitnodiging na die aanddiens
waar enkele getroue dienaars stug vergader.
In die kafees pols musiek lewe,
klink stemme vrolik op:
gesels, filosofeer, kuier,
eet, drink, sorteer probleme uit -
hartprobleme, landsprobleme, wêreldprobleme;
persoonlik, sosiaal, ekonomies, polities –
terwyl die yl gemeente
beswaard
gesange sing,
die dominee sukkel
om klaarheid te bring.
Kerkstraat lewe op 'n Sondagaand in Stellenbosch!

http://versindaba.co.za/2013/09/25/plekgedig-36-sondagaand-op-stellenbosch

◆◆◆

Johannesburg

Jy vlieg na Jo'burg toe?
Kosmo-stad van my kind-verlang…

Ag bring my die profiel
van 'n uitgewerkte skag
die hoëveldse stof
van Byleveld
se skoen
die waai van wasgoed
naby Braamfontein spoor
die nanag reuk
nimmer stilte
in 'n Hillbrowstraat verloor
die verlate noot
van my kind se kitaar
met die wit en swart hond
in die Sondagpark
één Rasta-haar
van my onbekende klong
êrens daar in Kensington
ek wil dit in my Bybel sit
want Ouma
wag umsonst vir hom.

Homer kom huis toe.

http://versindaba.co.za/2013/09/25/plekgedig-35-johannesburg

◆◆◆

Kerk voor atheïsten krijgt navolging in VS en Australië

De 'kerk voor atheïsten' gaat internationaal. Het idee van levensbeschouwelijke bijeenkomsten voor ongelovigen slaat aan, vertellen de Londense comedians die de zogeheten Sunday Assembly begonnen op hun website. Ook in Melbourne, New York en de Britse stad Exeter zijn nu 'diensten voor goddelozen'.

Sanderson Jones en Pippa Evans openden het eerste filiaal afgelopen januari in Londen. Sindsdien komen ze iedere twee weken met enkele tientallen tot honderden gelijkgestemden samen om te zingen en te luisteren naar een seculiere 'preek'.

Het concept maakt gebruik van 'het goede dat religie te bieden heeft', zoals gemeenschapszin, vertelde Jones in januari. Het zou zonde zijn als atheïsten daar enkel van af zouden zien 'omdat ze andere theologische inzichten hebben'. De comedians waren niet de eerste die op het idee van een seculiere kerk kwamen; filosoof Alain de Botton organiseert al enkele jaren vergelijkbare bijeenkomsten.

Geen kerkelijke hiërarchie

De recentelijk opgerichte Amerikaanse en Australische atheïstenkerken zijn geen filialen: enthousiaste ongelovigen kunnen hun eigen gemeenschap beginnen en staan niet onder supervisie van Jones en Evans.

Kerkstichters moeten enkel rekening houden met een aantal voorschriften. Een stille reflectie is verplicht, net als drie (positieve, 'niet-beledigende') gezangen. Toegang moet gratis zijn, en iedere nieuwe kerk moet vooraf toestemming vragen om zijn deuren te openen. En als er sprake is van 'domme hoedjes', 'wapperende jurken' en 'kinderoffers' doe je duidelijk iets fout.

http://www.trouw.nl/tr/nl/5091/Religie/article/detail/3516769/2013/09/26/Kerk-voor-atheisten-krijgt-navolging-in-VS-en-Australie.dhtml

Brood vir die Pad

Oor die één kuns - om te kan lewe en te kan sterwe

Dirkie Smit

Kort gelede besoek ons die begraafplaas in Berlyn, vlak by ons tydelike verblyf. Van die grafte dra soms bekende name, hoewel dié kerkhof, destyds doelbewus buite die stadspoort gebou, eers net bedoel was vir eenvoudiges, gewóón en árm. Later sou dit nie meer saak maak nie. In die graf is almal immers gelyk, terug tot die stof wat ons is, bekend én onbekend.

Op die stene pryk name, datums, boodskappe, tekste, waardering, huldigings, talle kruise. In die huis van my Vader is vele wonings. Ek is die opstanding en die lewe. Ons stap verby grafte van gevierde argitekte, kunstenaars, skilders, skrywers, beeldhouers, uitvinders, industrialiste, regsgeleerdes, denkers. Ons dink aan geboue, maatskappye, produkte, tegnieke, wat steeds van hulle bydraes getuig. Ons onthou hulle nalatenskap, woorde, gedagtes, ideale.

Ons vertoef by Bertolt Brecht. Pas vertel iemand nog hoe sy drama Die Goeie Mens van Szechwan onlangs 'n diepe indruk op haar laat. Sy erfenis boei steeds, al lê hy lank begrawe. Fichte en Hegel lê by mekaar – Fichte, wat ons oor selfbewussyn leer wonder; Hegel, oor die historiese aard van alle lewe. Vreemd, juis dié twee vrae wat grafte steeds by mense oproep – wat word van ons selfbewussyn, en wat bly agter alle wording en vergaan? Op die steen van dié denker wat wêreldwye verset sou inspireer teen die "eendimensionele mens" wat ons geldgerigte tydsgees van ons almal maak, Herbert Marcuse, staan slegs een woord: weitermachen! Aanhou, nie opgee nie, die stryd gaan voort. Met uitroepteken. Al swyg sy eie stem al lank.

Ons verwyl voor die gesamentlike graf van al dié wat tereggestel is ná die mislukte komplot teen Hitler, met die gedenktafel daarby vir geesgenote wat iewers onbekends lê – soos Bonhoeffer. Reg oorkant is 'n steen vir tientalle wat in die strate vlak naby vermoor is – sommige met name, ander onbekend. Vermoor, naamloos, en tóg – hoeveel is nie deur hul nagedagtenis bemoedig nie? Ons swyg voor die Duitse president Johannes Rau wat op eie versoek ook hiér lê, met net die woorde: "Hierdie een was ook saam met Jesus van Nasaret." Ons onthou verwonderd die diensmeisie se woorde en Petrus se heftige ontkenning.

Die Duitse name Friedhof en Gedenkstätte klink byna troosvol. Tuin van Vrede, Plek van Herinnering. Boomryk, versorg, stil, rustig. Die Middeleeuse kerk sou nog die ars moriendi leer, die kuns van sterwe, want, so is tóé geglo, slegs wie leer sterwe leer ook hoe om te lewe. Op kunswerke was destyds skedels te sien, tussen boeke en aardbolle, as integrale déél van ware kennis. Tot vandag dink sommige filosowe nog só. Dit bly die strewe van alle wysbegeerte, sê diégene, staande in 'n láng tradisie. Dis nodig om soms herinner te word aan die kortstondigheid van alles en almal. Egte waardering vir gróótsheid – van ménse, soos van die lewe – sluit verganklikheid juis in. Ja, dit was goed om in dié dae deur die grafte te stap, sommer so neffens ons tydelike verblyf.

http://www.dieburger.com/opinie/2013-08-31-geestelike-waardes-oor-die-n-kuns-om-te-kan-lewe-en-te-kan-sterwe

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877